Your fruit is our business

WEEK 19

05 Mei 2026

# TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE

Sapex het laasweek die laaste granate gepak. Die laaste drie houers na Europa en die VK het gister (Maandag) gelaai en die laaste drie houers na die Midde-Ooste laai vandag. Laasgenoemde sal seker eers die naweek vertrek.

Die probleme in die Midde-Ooste is nimmereindigend. Daar is egter baie planne gemaak en die alternatiewe roetes, soos in die vorige verslag verduidelik, werk op die oog af goed. Dit is net die addisionele kostes wat kommer wek, maar die verskepingskostes na Europa is ook met 16% verhoog as gevolg van duurder brandstof. Selfs die Europese roetes het dus nie die effek van die oorlog vrygespring nie.

Al die houers wat tydens die uitbreek van die oorlog op die water was, het darem in een stuk by hul bestemmings aangekom. Welliswaar met baie ompaaie. Weereens is dit net die addisionele kostes wat kommer wek.

Ons het in die vorige verslag gemaan dat pryse in die ander markte (Europa, VK, Skandinawië, ens) dalk onder druk gaan kom omdat meer vrugte soontoe herlei word. Dit word nou baie duidelik dat prysvlakke daal. Dit is ook nie net meer Suid-Afrikaanse granate wat in die markte beland het nie - op die stadium lyk dit asof Peru alreeds 20% meer vrugte EU toe gestuur het as laasjaar. Van die vrugte is herlei uit ander markte, maar hul oes is ook groter as laasjaar. Hulle seisoen is nog nie klaar nie. Ook het Peru ‘n probleem gehad dat hul vrugte aansienlik kleiner is vanjaar. Hulle het telling 16 en 18, en selfs telling 20 na Europa verskeep. Gerugte is dat Peru vir verskeie weke 100 houers per week in Europa geland het en twee weke na mekaar 200 houers per week. Twee honderd houers is 800 000 kartonne. Dit help uit die aard van die saak nie om prysvlakke stabiel te hou nie.

Markverslae wys op die stadium ‘n daling in verwagte pryse van tot 20%. Die besluit om wel nog ‘n betekenisvolle deel van ons produksie na die Midde-Ooste te stuur, via ander kanale, blyk dus die regte keuse te wees.

Hopelik het dinge nou stabiliseer en hou die pryse op die huidige vlakke.

Groete.

Sapex Span.